10 Dinge om te doen om sukses in die Graad 12-eksamen te behaal

1. Die **konsepmatriekrooster** is beskikbaar. Bestudeer dit en begin nou beplan. Daar word soms twee eksamens op een dag geskryf en jy sal dus superskerp en wakker moet wees. **Maak seker dat jy die finale rooster nagaan mits daar enige veranderinge is.**
2. Daar is minder as 300 dae oor voor die begin van die finale eksamen. Dit sluit alle naweke en vakansies in. Begin vandag en werk elke dag. Stel teikens vir prestasie.
3. Moenie **een skooldag** tussen nou en die eksamen misloop nie. Bly gesond en wakker. Luister na jou onderwysers. Hulle het dit al vantevore gedoen en sal jou help om sukses te behaal.
4. **Lees** is 'n noodsaaklike vaardigheid wat jou lewe sal verander. Lees elke dag minstens 1000 woorde. Lees akkuraat en vinnig.
5. **Skryf** is mag, maar dit moet geoefen word. Ons word almal elke dag op grond van ons skryfwerk beoordeel – ons kan skrif gebruik om te inspireer, beïndruk, oorreed, geluk te wens en liefde uit te druk. Skryf elke dag ten minste 400 woorde – op versigtige, akkurate en pragtige wyse.
6. **Handboeke** is noodsaaklike studentegidse. Het jy 'n handboek vir elke vak? Maak seker dat jy een het en dat jy stelselmatig deur jou handboeke werk. Moenie vir jou onderwyser wag om alles te verduidelik nie. Kyk na wat jy in die jaar moet dek en beplan daarvolgens.
7. Jou Liggaamsmassa-indeks **(LMI)** kan jou in matriek help. Jou LMI is 'n aanduiding van hoe gesond jy is. Bereken jou LMI en oefen en eet dwarsdeur die jaar gesond om 'n optimale LMI te handhaaf.
8. Akademiese werk vereis **konsentrasie en fokus**. Jy moet elke dag besig wees met intensiewe, gefokusde, individuele akademiese werk. Skakel iPod's, musieksentrums, die TV en die selfoon af en geniet elke dag 'n intensiewe en lonende akademiese oefening. Ontwikkel jou breinselle en al jou vriende sal jou beny.
9. 'n Goeie atmosfeer is bevorderlik vir sukses. Omring jouself met positiewe, gelukkige mense wat wil hê dat jy sukses moet behaal. Jou gesin en vriende se steun sal in die komende 300 dae van groot belang wees. Wees dankbaar vir hulle ondersteuning.
10. Matrieksukses vereis **beplanning en harde werk**. Begin vandag beplan en werk. Woon die skool elke dag by. Doen elke dag jou tuiswerk. Lees elke dag. Skryf en reken elke dag. Hou by jou jaarplan.

Hoeveel van bogenoemde dinge doen jy?

1-2:	Kry dringend hulp.
3-4:	Begin vandag beplan.
5-6:	Jy is op pad. Versterk jou pogings.
7-8:	Jy is goed georganiseerd en amper gereed vir sukses.
9-10:	Jy vaar goed. Help iemand anders om georganiseerd te word vir sukses.

Wil jy sukses behaal?

Hier is beproefde wenke vir sukses

- In Graad 12 het jy 'n baie vol program. Jy moet dus deurlopend werk en nie take tot die laaste oomblik uitstel nie.
- Let aandagtig op in die klas om seker te maak dat jy die werk verstaan.
- Neem jou handboek elke dag klas toe en maak dit oop by die onderwerp wat behandel word. Leer jou handboek goed ken. Lees die betrokke gedeeltes wat in die klas behandel is daardie middag of aand deur.
- Doen elke dag al jou tuiswerk.
- Werk netjies en akkuraat.
- Vra jou onderwyser of 'n klasmaat indien jy onseker is of twyfel.
- Woon enige ekstra onderrig wat aan jou gebied word, by.
- Begin lank voor die tyd om vir die eksamen te studeer.
- Stel 'n studierooster op en hou van Dag 1 af daarby.
- Werk stelselmatig deur jou handboek.
- Verfyn jou eksamentegniek; wanneer jy hersien, kies vrae wat jou swakker areas sal verbeter.
- Leer om skriftelike vrae te beplan en dit duidelik en sitematies te beantwoord.
- Leer hard vir toetse en interne eksamens, asof jy jou vir die eindeksamen voorberei.
- Gebruik vorige eksamenvraestelle vir hersiening. Werk deur die vorige jaar se vraestelle asook deur die voorbeeldvraestelle wat opgestel is om jou met jou eksamenvoorbereiding te help. Dit sal jou 'n goeie aanduiding gee van die soort vrae wat jy in die eindeksamen kan verwag.
- Eksamenvraestelle en voorgestelde antwoorde van vorige jare is beskikbaar by die volgende webtuiste: **http://wced.school.za/documents/Matric/matric-n/index.html**
- Vra jou onderwysers en klasmaats om die vrae en antwoorde saam met jou uit te werk.